CONQUESTA
is 'n lid van
ASTEMI
SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION
OLYMPIADS & COMPETITIONS

CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

Skeppende Kunste – Graad 8

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood *(sien voorbeeld 1 hieronder)*. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d

Dans

1. Watter van die volgende is voorbeelde van verskillende tipe danse?

(a) Klop, Jazz en Bal.
(b) Kraan, Spuit en Koppelstuk.
(c) Vlinderslag, Borsslag en Rugslag.
(d) Nie een van bostaande nie.

2. Die eerste ding wat gedurende 'n dansles behoort te gebeur, is dat die ……

(a) dansers die jongste skindernuus deel.
(b) dansers hul dansonderwyser groet om respek te toon.
(c) dansers moet afkoel.
(d) Nie een van bostaande nie.

3. Om op te warm voor enige dans is belangrik want ……

(a) die meeste danse word in die winter gedoen.
(b) opwarming verbeter soepelheid en voorkom beserings.
(c) dit is soos 'n kleedrepetisie.
(d) verhooggrimering hou langer op 'n warm vel.

Die prent regs is van balletskoene met harde punte.

4. Wat is die funksie van hierdie balletskoene?

(a) Om die balletdansers te help om op hul tone te staan.
(b) Om Aspoestertjie in die dans te identifiseer.
(c) Om die balletdanser se voete warm te hou.
(d) Vir beskerming as haar dansmaat per ongeluk op haar tone trap.

5. Wat is die funksie van kastanjettes in die prent links?

(a) Kastanjette word aan klopdansers se skoenveters vasgemaak om klopgeluide te maak.
(b) Kastanjette word gebruik om balletdansers se hare in 'n netjiese bolla te hou.
(c) Kastanjette word as 'n tipe skoenhoring gebruik om dansskoene te rek.
(d) Kastanjette is perkussie instrumente, wat gebruik word in die handbewegings van sommige danse byvoorbeeld Spaanse dans.

6. Wat is die naam van die plek waar dansers oefen?

(a) Ateljee. (b) Versamelpunt. (c) Postuur. (d) Kelder.

7. Watter van die volgende bewegings is die geskikste om 'n dans te eindig?

(a) Hoë-energie aërobiese oefeninge.
(b) Vinnige sprongе.
(c) Vlos.
(d) Afkoelstrekke.

8. 'n Geïmproviseerde dans kan beskryf word as 'n dans wat ……

(a) jy nie vooraf oefen nie, maar skep net voor of tydens uitvoering.
(b) beter raak elke keer wat jy dit oefen.
(c) streng reëls en spesifieke bewegings het.
(d) uitgevoer word deur 'n reisende dansgeselskap.

9. Die tempo van 'n dans word dikwels beïnvloed deur die musiek en verwys na ……

(a) hoe vinnig of stadig die dansbewegings uitgevoer word.
(b) of dit 'n klassieke of moderne dans is.
(c) wit jazz handskoene.
(d) tradisionele Joodse danse.

10. Die persoon wat 'n dansreeks skep word 'n …… genoem.

(a) boogie woogie
(b) choreograaf
(c) produksieleier
(d) briekdanser

voorbeeld

11. Balans in 'n dansbeweging verwys na ……
(a) die danser se vermoë om 'n regop of beheerde posisie te behou.
(b) die eet van maaltye wat 'n verskeidenheid vitamiene en minerale bevat.
(c) oefen en rus vir die korrekte aantal ure.
(d) die danser se vermoë om *nie* hul humeur te verloor wanneer hulle sukkel nie.

12. Die term *'prima ballerina'* verwys na ……
(a) die manlike danser wat mees dikwels in die hoofrol verskyn.
(b) die vroulike danser wat mees dikwels in die hoofrol verskyn.
(c) 'n balletdanser wat veeleisend en onprofessioneel is.
(d) die jongste balletdanser in 'n geselskap.

Drama

13. Drama kan die volgende insluit:
(a) Regisseurs, akteurs en ontwerpers wat 'n fiktiewe of feitelike opvoering skep. (b) Om 'n boek te lees.
(c) Skilderye en beeldhouwerke. (d) Nie een van bostaande nie.

14. Een van die belangrikste dinge wat 'n akteur voor 'n opvoering behoort te doen is ……
(a) opwarmingsoefeninge.
(b) om so stil as moontlik te sit en sit te wees.
(c) om verhooghelpers te betaal in geval hulle staak.
(d) om te kyk hoeveel sitplekke deur die gehoor ingeneem is.

15. Wie is die *'hoofrolspeler'* in 'n drama?
(a) Die persoon wat al hul Facebookvriende merk in die promosie van 'n drama.
(b) Die regisseur.
(c) Die persoon wat die filmvier speel in 'n stilprent.
(d) Die hoofkarakter in 'n opvoering.

16. *'Tempo'* en *'tussenpose'* verwys na hoe die akteur ……
(a) die spoed verander waarteen hul le praat, om die ruim en betekenis te beïnvloed.
(b) toertjies gebruik om hul teks te onthou.
(c) films opneem.
(d) alliterasie gebruik om hul stemme op te warm.

17. Wanneer akteurs die toonhoogte van hul stem manipuleer, verander hulle ……
(a) kostuums. (b) genres. (c) die volume van hul stem. (d) hoe laag of hoog hul stem klink.

18. 'n Monoloog kan beskryf word as ……
(a) karakters wat onsamehangend verby mekaar praat in 'n lawaaierige toneel.
(b) 'n vervelige toneelstuk.
(c) een karakter wat alleen hardop praat op die verhoog *(of onder die indruk is om alleen te wees).*
(d) 'n kort toneelstuk.

19. Waarna verwys oordrewenheid in 'n drama?
(a) 'n Resensie van 'n toneelopvoering.
(b) Die hoë salarisse van beroemde akteurs.
(c) Oordrywing van feite, gebare of karakters vir komiese of dramatiese effekte.
(d) 'n Toneelstuk wat te lank is.

20. Wanneer akteurs hul stem projekteer is hulle besig om ……
(a) stemoorklankings te doen. (b) hard en duidelik te praat deur hul diafragma te gebruik.
(c) advertensies op te stel. (d) 'n oudio vooraf op te neem om in 'n rolprentteater te speel.

21. *'Klug'* en *'Verspotte klug'* is voorbeelde van ……
(a) tragedie. (b) komedie. (c) regisseurs. (d) verhooggrimering.

22. Die persoon wat verantwoordelik is vir hoe die draaiboek vertolk word, tonele ingeklee word, reëls gesê word en bewegings gebruik word, is die ……
(a) regisseur. (b) verhooghelper. (c) akteur. (d) kostuumontwerper.

voorbeeld